- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir rioleerings- en ander munisipale doelesindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense uitgesonderd 'n straatgrens, soos deur die plaaslike bestuur bepaal: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voor-nemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoof-pypeleidings en ander werke wat hy volgens goed-dunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onder-worde daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypeleidings en ander werke veroorsaak word.

(2) Erf 4364.

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir transformatordoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos op die algemene plan aangedui.

(3) Erwe 4363 en 4364.

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut van reg van weg ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die Algemene Plan: (By indiening by die Registrateur van Aktes van 'n sertifikaat deur die plaaslike bestuur ten effekte dat die serwituut nie meer benodig word nie, verval hierdie voorwaarde.)

Administrator's Notice 1236

23 September, 1981

SANDTON AMENDMENT SCHEME 160.

The Administrator hereby, in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he has approved an amendment scheme, being an amendment of Sandton Town-planning Scheme, 1980, comprising the same land as included in the township of Bryanston Extension 27.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Sandton and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 160.

PB. 4-9-2-166H-160

Administrator's Notice 1237

23 September, 1981

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 292.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Lot 126, Oaklands from "Residential", with a density of "One dwelling per erf" to "Residential" with a density of "One dwelling per 1 500 m²"

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 292.

PB. 4-9-2-2H-292.

Administrator's Notice 1238

23 September, 1981

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 548.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of Erf 537, Constantia Park from "Special Residential" with a density of "One dwelling per erf" to "Special" Use Zone XIV for dwelling-units, each having direct access to a private adjoining garden at ground level, subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 548.

PB. 4-9-2-3H-548

Administrator's Notice 1239

23 September, 1981

NOTICE OF CORRECTION.

Administrator's Notice 1017 dated 26 August, 1981 is hereby corrected by the deletion of the wording "Map 3 and ..." in the second last paragraph of the notice.

PB. 4-9-2-4H-9

Administrateurskennisgwing 1236 23 September 1981

SANDTON-WYSIGINGSKEMA 160

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Sandton-dorpsaanlegskema, 1980, wat uit dieselfde grond as die dorp Bryanston Uitbreiding 27 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Sandton en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton-wysigingskema 160.

PB. 4-9-2-116H-160

Administrateurskennisgwing 1237 23 September 1981

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 292.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Johannesburg-dorpsbeplanningskema 1979 gewysig word deur die hersonering van Lot 126, Oaklands van "Residensieel", met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Residensieel", met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 500 m²".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg-wysigingskema 292.

PB. 4-9-2-2H-292

Administrateurskennisgwing 1238 23 September 1981

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 548.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, gewysig word deur die hersonering van Erf 537, Constantia Park van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Spesiaal" Gebruiksone XIV vir wooneenhede, elkeen met direkte toegang tot 'n privaat aanliggende tuin op grondvlak, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 548.

PB. 4-9-2-3H-548

Administrateurskennisgwing 1239 23 September 1981

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

Administrateurskennisgwing 1017 gedateer 26 Augustus 1981, word hierdeur verbeter deur die skrapping van die woorde "Kaart 3 en ..." in die tweede laaste paragraaf van die kennisgwing.

PB. 4-9-2-4H-9

Administrator's Notice 1240

23 September, 1981

NOTICE OF CORRECTION.

It is hereby notified that in terms of Section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance 1965, Administrator's Proclamation 284 of 1980, be altered by the insertion of an asterisks in Column 4 of Table N of the Schedule (Afrikaans and English) to Johannesburg Amendment Scheme 83.

PB. 4-15-2-21-224-6
PB. 4-14-2-999-1
PB. 4-14-2-999-2

Administrateurskennisgewing 1240 23 September 1981

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

Dit word hiermee bekend gemaak dat kragtens artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, Administrateursproklamasie 284 van 1980 gewysig word deur die invoeging van 'n asterisks in kolom 4 van Tabel N van die Skedule (Afrikaans en Engels) tot Kaart 3 van Johannesburg Wysigingskema 83.

PB. 4-15-2-21-224-6
PB. 4-14-2-999-1
PB. 4-14-2-999-2

Administrateurskennisgewing 1241


23 SEPTEMBER 1981

VERKLARING VAN 'N OPENBARE PAD: DISTRIK KEMPTONPARK.

Ingevolge die bepalings van artikel 5(2) en artikel 3 van die Padordonnansie 1957, (Ordonnansie 22 van 1957) verklaar die Administrateur hierby dat 'n openbare pad met wisselende breedtes, waarvan die algemene rigting en ligging op bygaande sketsplan aangedui word, bestaan binne Kemptonpark munisipale gebied.

Ooreenkomsdig die bepalings van subartikels (2) en (3) van artikel 5A van genoemde Ordonnansie word hierby verklaar dat grootskaalse plan PRS 73/5/1 LYN wat die grond wat deur die genoemde pad in beslag geneem word, aandui, ter insae van enige belanghebbende by die Kantoor van die Direkteur van Paaie, Provinciale Gebou, Kerkstraat-Wes, Pretoria, vanaf die datum van hierdie Kennisgewing beskikbaar sal wees.

U.K.B. 718 Gedateer 10 Junie 1981.
Verwysing 10/4/1/2/P157-2(1)

DP 021-022-23/22/1132/1REFERENCE.

PUBLIC ACCESS ROAD DECLARED OF VARYING
WIDTHS 15 METRES TO 30 METRES.

EXISTING ROADS.

EX. CO. RES. 718 DATED 1981-06-10

VERWYSING.

OPENBARE TOEGANGSPAD VERKLAAR VAN WISSELENDE
BREEDTES 15 METER TOT 30 METER.

BESTAANDE PAAIE.

U.K. BESLUIT 718 GEDATEER 1981-06-10

Administrator's Notice 1242

23 September, 1981

CORRECTION OF ADMINISTRATOR'S NOTICE 607 OF 27 MAY, 1981 IN CONNECTION WITH THE INCREASE IN WIDTHS, DECLARATION AND DEVIATION OF PUBLIC AND PROVINCIAL ROAD P41-1 AND DISTRICT ROAD 1780: DISTRICTS OF NIGEL AND HEIDELBERG.

Administrator's Notice 607 of 27 May, 1981 is hereby corrected by the substitution for the sketch plans and co-ordinate lists attached thereto of the appended sketch plans and co-ordinate lists.


Reference: 10/4/1/3/P41-1 (2) Vol. 1.


Administrateurskennisgewing 1242 23 September 1981

VERBETERING VAN ADMINISTRATEURSKENNISGEWING 607 VAN 27 MEI 1981 IN VERBAND MET DIE VERMEERDERING VAN DIE BREEDTES, VERKLARING EN VERLEGGING VAN OPENBARE EN PROVINSIALE PAD P41-1 EN DISTRIKSPAD 1780: DISTRIKTE NIGEL EN HEIDELBERG.

Administrateurskennisgewing 607 van 27 Mei 1981 word hiermee verbeter deur die sketsplanne en koördinaatlyste daarby aangeheg, te vervang deur die bygaande sketsplanne en koördinaatlyste.


Verwysing: 10/4/1/3/P41-1 (2) Vol. 1.





KO-ORDINATE LYS . / CO-ORDINATE LIST . L o 29.
KONSTANT./ CONSTANT . + 0.00 + 2 900 000.00

L123	61326.05	30488.93	R 97	60118.03	29774.48
L124	61385.87	30506.68	R 98	60135.00	29768.85
L125	61931.65	30832.24	R 99	60163.20	29691.50
L126	61975.59	30875.75	R100	60172.91	29645.50
L127	61980.83	30896.31	R101	60155.86	29558.71
L128	62002.33	30909.07	R102	60109.99	29501.37
L129	62022.88	30903.83	R103	60062.90	29462.14
L130	62082.79	30922.40	R104	60084.24	29435.67
			R105	60192.46	29521.37
R 85A	58686.29	29119.12	R106	60220.79	29648.81
R 86	58771.10	29188.10	R107	60200.82	29705.10
R 87	59020.22	29349.78	R108	60172.93	29782.50
R 88	59049.08	29364.14	R109	60182.00	29801.76
R 89	59108.86	29377.98	R110	60232.49	29836.43
R 90	59139.11	29357.50	R111	60302.83	29862.27
R 91	59165.57	29358.58	R112	60727.64	30050.72
R 92	59156.84	29402.60	R113	60799.48	30090.28
R 93	59204.44	29443.82	R113B	61076.47	30241.68
R 94	59289.13	29487.90	48A	61211.86	30350.53
R 95	59904.57	29716.28	63	61189.54	30377.61
R 96	60054.28	29771.10	65	61244.89	30422.58



KO-ORDINATELYS. COORDINATE LIST.
KONST. CONST. 0.00 .2 900 000.00
SISTEEM SYSTEM. Lo 29°m.


R67B	57 659.26	27 288.43
R68	57 659.28	27 288.41
R69	57 777.03	27 181.50
R70	57 799.71	27 203.34
R700	57 695.50	27 329.36

Die figuur. R67B, R68, R70, R700, R67B.
The figure.

Stel voor die padreservé van pad.
Represents the road reserve or road.

1780

RMT №·R 44/78



CO-ORDINATES (ACCORDING TO GROUND SURVEY.)							RMT NO. R. 178								
	SYSTEM	La	29	CONSTANTS	Y+0 00	X + 2 900 000 00	Metres								
L50	56223	54	25641.09	L74	57456	58	28300 76	R50	56274	14	25605 27	R75	57516	27	27570 63
L51	56276	71	25716.58	L75	57491	38	28233 02	R51	56327	48	25680 99	R76	57520	54	27596 70
L52	56289	87	25761.57	L76	57538	68	28174 48	R52	56365	32	25708 93	R77	57725	48	27968 74
L53	56299	00	25774.67	L77	57596	13	28130 50	R53	56398	15	25686.07	R78	57761	09	27999 79
L54	56336.95	25802.99	L78	57617	43	28134 07	R54	56380	37	25644 83	R79	57768	94	28013 06	
L55	56453	80	25973.46	L79	57632	58	28126 28	R55	56450	51	25722 71	R80	57778	99	28059 21
L56	56727	06	26391 22	L80	57635	62	28105 89	R56	56408	12	25698 62	R81	57954	29	28333 13
L57	56990	61	26815 12	L81	57677	90	28081 07	R57	56374	49	25722 09	R82	58069	37	28494 86
L58	57244	34	27244 96	L82	57698	52	28086 38	R58	56387	90	25767 67	R83	58216	69	28678 85
L59	57351	34	27429 79	L83	57744	23	28129 29	R59	56507	61	25936 99	R84	58393	69	28868 46
L60	57451	42	27614 42	L84	57899	70	28370 18	R60	56782	68	26355 56	R85	58546	84	29000 79
L61	57487	34	27681 33	L85	58016	53	28534 40	R61	57052	15	26777 75	R85A	58686	29	29119 12
L62	57647	06	27965 11	L86	58165	88	28722 53	R62	57301	59	27212 12	R113B	61076	47	30241 68
L63	57663	53	28025.25	L87	58345	93	28916 86	R63	57401	20	27398 55	R114	61077	77	30242 39
L64	57658	24	28045 87	L88	58491	59	29057 35	R64	57428	12	27433 98	R114A	61226	49	30332 64
L65	57609	23	28075 02	L88A	58678	83	29200 57	R65	57467	99	27474 84	R115	61276	52	30363 00
L66	57586	97	28070 77	L89	58136	87	30506 60	R66	57485	98	27475 32	R116	61638	93	30577 01
L67	57573	11	28078 96	L90	58131	65	30832 24	R67	57636	36	27310 07	R117	61898	42	30721 59
L68	57568	56	28098 26	L90	62082	79	30922 40	R68B	57659	26	27288 43	R118	62225	16	30921 59
L69	57539	95	28114 94	L91	62161	73	30969 48	R70	57695	50	27329 36	R119	62235	60	30932 04
L70	57479	91	28175 38	L92	62317	91	31056 67	R71	57695	43	27329 45	R120	62260	69	30931 00
L71	57411	62	28286 62	L93	62190	54	30979 70	R72	57672	88	27352 16	404	62211	86	30350 33
L72	57404	34	28370 87	L94	62209	88	30947 15	R73	57504	67	27516 32	63	61189	54	30377 61
L73	57441	90	28374 87	L95	62240	14	30945 68	R74	57504	64	27536 92	65	61244	89	30422 58
<small>FOR CONVERSION TO HEIDELBERG GOLDFIELDS SYSTEM SEE SEPARATE SHEET ATTACHED TO APPLICATION</small>															
<small>LIST OF RIGHTS OTHER THAN MINING TITLES AFFECTED</small>															
REF No	PLAN No	RMT	PERMIT No	DESCRIPTION OF RIGHTS			REGISTERED HOLDER								
1	R47	58		CULTIVATED LANDS			RHODESIAN CORPORATION LIMITED								
2	R47	68		CULTIVATED LANDS			RHODESIAN CORPORATION LIMITED								
3	R47	68		CULTIVATED LANDS			RHODESIAN CORPORATION LIMITED								
4	'0 109 89		SRP 53 70	RAILWAY LINES WITH FENCING			S A R								
5	R18	71		PROCLAMED ROAD			TRANSVAAL PROVINCIAL ADMINISTRATION								
6	DR 563			CULTIVATED LANDS			RHODESIAN CORPORATION LIMITED								
7	DR 563			KRAALS AND OUTBUILDINGS			RHODESIAN CORPORATION LIMITED								
8	DR 563			CULTIVATED LANDS			RHODESIAN CORPORATION LIMITED								
9	R50	71		RESERVED FOR TSP PURPOSES			TOWN COUNCIL OF HEIDELBERG								
10	R66	73		RESERVED FOR TSP PURPOSES			TOWN COUNCIL OF HEIDELBERG								
11	SR 328		B 9 50	WATER PIPE LINES			TOWN COUNCIL OF HEIDELBERG								
12	DR 563			HOMESTEAD			RHODESIAN CORPORATION LIMITED								
<small>LIST OF MINING TITLES AFFECTED</small>															
REF No	PLAN No	RMT	DESCRIPTION AND OWNER OF RIGHT												
MP 38.	MP 38		WYNPACHT NO 756 WITWATERSRAND NIGEL LIMITED												
MI115 68	MI115 68		MINING LEASE 21 69 WITWATERSRAND NIGEL LIMITED												
<small>OPEN PROCLAIMED LAND</small>															
<small>MARAISSDRIFT: 190 IR</small>															
<small>FIGURE : L50 - L86 L88A.R85-R71,R70D.R67B.R67-R50,L50 APPROXIMATELY 33 1800 ha</small>															
<small>KLIPOORTJE: 167 IR</small>															
<small>FIGURE : R113B R114A R114 R113B APPROXIMATELY 2013 m²</small>															
<small>LANGLAAGTE: 186 IR</small>															
<small>FIGURE : 404-63,65 L124 L125,L130-L135,R120-R115,R114A,404-63 APPROXIMATELY 8,2788 ha</small>															
<small>DIE FIGUUR GENOMMER THE FIGURE NUMBERED SIEEN BO SEE ABOVE</small>															
<small>GELEE OP DIE PLAAS(E) SITUATED ON THE FARM(S) SIEEN BO SEE ABOVE</small>															
<small>TRANSVAAL PROVINSIE UITGEHOU VIR PADDOELEINOS KRAFTENS ARTIKEL 179 (1)(b) VAN DIE WET OP MYNREGTE 1967 (WETNR 20 VAN 1967) PROVINCE OF TRANSVAAL, RESERVED FOR ROAD PURPOSES IN TERMS OF SECTION 179(1)(b) OF THE MINING RIGHTS ACT 1967 (ACT NR 20 OF 1967)</small>															
<small>STEL VOOR GROND, GROOT ONGEVEER SEE ABOVE REPRESENTS LAND IN EXTENT APPROX. Ha.</small>															
<small>MYNDISTRIK VAN MINING DISTRICT OF HEIDELBERG</small>															
<small>DIREKTUUR VAN PAADE DIRECTOR OF ROADS</small>															
<small>DATUM / DATE</small>															
<small>MYNAKOMMISSARIS MINING COMMISSIONER</small>															
<small>DATUM / DATE</small>															
<small>SHEET 2 OF 2 SHEETS.</small>															

Administrator's Notice 1243

23 September, 1981

Administrateurskennisgewing 1243 23 September 1981

**CORRECTION OF ADMINISTRATOR'S NOTICE
608 OF 27 MAY, 1981 IN CONNECTION WITH THE
DECLARATION OF ACCESS ROADS: DISTRICT
OF NIGEL.**


Administrator's Notice 608 of 27 May, 1981 is hereby corrected by the inclusion of the appended sketch plan and co-ordinate list.

Reference: 10/4/1/3/P41-1 (2) Vol. 1.

**VERBETERING VAN ADMINISTRATEURSKEN-
NISGEWING 608 VAN 27 MEI 1981 IN VERBAND
MET DIE VERKLARING VAN TOEGANGSPAAIE:
DISTRIK NIGEL.**

Administrateurskennisgewing 608 van 27 Mei 1981
word hiermee verbeter deur die bygaande sketsplan en
koördinaatlvys by te voeg.

Verwysing: 10/4/1/3/P41-1 (2) Vol. 1.



KO-ORDINATE LYS . / CO-ORDINATE LIST . Lo 29
 KONSTANT . / CONSTANT . + 0.00 + 2 900 000.00

L 90B	59010.66	29418.20	DL 5	59096.02	29539.16
L102C	59555.84	29673.72	DL 6	59036.18	29507.15
L103	59562.31	29676.15	DL 7	59556.49	29691.06
LL103	59879.60	29789.13	DLL 7	59874.42	29804.27
L104	60036.60	29844.37	DL 8	60022.38	29856.35
L114	60210.92	29905.24	DL 9	60058.27	29937.78
L115	60276.99	29928.41	DL10	60124.11	29961.57
L116	60561.46	30049.89	DL11	60212.71	29923.01
L117	60764.31	30157.66	DL12	60271.17	29943.32
L118	61028.25	30296.91	DL13	60554.72	30064.41
L118A	61028.32	30296.95	DL14	60756.91	30171.85
DL 1	58970.92	29413.73	DL15	61017.27	30309.21
DL 2	58997.42	29429.04	DL16	60122.66	29943.50
DL 3	59023.02	29518.26	DL17	60070.93	29924.81
DL 4	59098.28	29558.52			

DIE FIGUUR : 1 DL1-DL6,L90B,DL1. 2 DL7,DLL7,DL8-DL15,L118A,

THE FIGURES : L118-L114,DL16,DL17,L104,LL103,L103,L102C,DL7.

STEL VOOR TOEGANGSPAAIE TOT PAB P 41-1 .

REPRESENT ACCESS ROADS TO ROAD P 41-1 .

Administrator's Notice 1244

September, 1981

Administrateurskennisgewing 1244 23 September 1981

DECLARATION OF ACCESS ROADS TO PROVINCIAL ROAD, K8: DISTRICT OF PRETORIA.

In terms of the provisions of section 48 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), the Administrator hereby declares that access roads with varying widths, the general directions and situations of which are shown on the appended sketch plan with appropriate co-ordinates of the boundary beacons exist over the properties as shown on the said sketch plan.

In terms of the provisions of subsections (2) and (3) of section 5A of the said Ordinance it is hereby declared that boundary beacons of the said roads have been erected on the land.

E.C.R. 1196 of 5 August, 1980.
Reference 10/4/1/4/K8(1)

VERKLARING VAN TOEGANGSPAALIE TOT PROVINSIALE PAD, K8: DISTRIK PRETORIA.

Ingevolge die bepalings van artikel 48 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), verklaar die Administrateur, hierby dat toegangspaale met wisselende breedtes, waarvan die algemene rigtings en liggings op bygaande sketsplan met toepaslike koördinate van grensbakens aangedui word, bestaan oor die eiendomme soos aangetoon op gemelde sketsplan.

Ooreenkomstig die bepalings van subartikels (2) en (3) van artikel 5A van genoemde Ordonnansie word hierby verklaar dat grensbakens van die genoemde paaie op die grond opgerig is.

U.K.B. 1196 van 5 Augustus 1980.
Verwysing 10/4/1/4/K8/1

east and eastwards along the centre line of Rossini Boulevard to the point of intersection with the centre line of Frikkie Meyer Boulevard, the point of commencement.

WARD 8.

Commencing at the intersection of the centre lines of Provincial Road P156/2 and Andries Potgieter Boulevard; thence southwards along the centre line of Andries Potgieter Boulevard to the point of intersection with the centre line of Hans van Rensburg Street; thence generally westwards along the centre line of Hans van Rensburg Street in township SE 7 to the point of intersection with the centre line of James Cook Street in township SE 7; thence generally southwards along the centre line of James Cook Street to the point of intersection with General Froneman Street in township SE 7; thence generally westwards along the centre line of General Froneman Street to the point of intersection with the centre line of Theo Wassenaar Street in township SE 7; thence generally southwards along the centre line of Theo Wassenaar Street to the point of intersection with the centre line of Piet Retief Boulevard; thence generally westwards along the centre line of Piet Retief Boulevard to the point of intersection with Frikkie Meyer Boulevard; thence northwards along the centre line of Frikkie Meyer Boulevard to the point of intersection with the centre line of Christiaan de Wet Street; thence eastwards along the centre line of Christiaan de Wet Street in township SE 1 to the point of intersection with the centre line of Louis Trichardt Boulevard; thence northwards along the centre line of Louis Trichardt Boulevard to the point of intersection with the centre line of Provincial Road P156/2; thence eastwards along the centre line of Provincial Road P156/2 to the point of intersection with the centre line of Andries Potgieter Boulevard, the point of commencement.

WARD 9.

Commencing at the centre line of Provincial Road P156/2 at the intersection with the eastern boundary of the municipality of Vanderbijlpark; thence generally south, south-east, north-east, east and south-eastwards along the eastern boundary of the municipality of Vanderbijlpark to the point of intersection with beacon b1 (SG A 2292/78) the south-eastern boundary of Portion 104 of the farm Vanderbijlpark No. 550 IQ (University grounds of P.U. for C.H.O.); thence generally south-west and westwards along the southern boundary (northern bank of the Vaal River) of the municipality of Vanderbijlpark to the point of intersection to the south-western side of Portion 2 of the farm Vanderbijlpark No. 550 IQ (Iskor pumpstation); thence northwards along the south-western boundary of Portion 2 of the farm Vanderbijlpark No. 550 IQ to the point of intersection with the centre line of Emfuleni Driveway (Proclaimed Road No. 1) (SG A 3890/52); thence generally north and westwards along the centre line of Emfuleni Driveway to the point of intersection with the centre line of Frikkie Meyer Boulevard; thence northwards along the centre line of Frikkie Meyer Boulevard to the point of intersection with the centre line of Piet Retief Boulevard; thence generally eastwards along the centre line of Piet Retief Boulevard to the point of intersection with the centre line of Theo Wassenaar Street; thence northwards along the centre line of Theo Wassenaar Street in township SE 7 to the point of intersection with the centre line of General Froneman Street in township

waarts langs die middellyn van Rossiniboulevard tot die aansluitingspunt met die middellyn van Frikkie Meyerboulevard, die aanvangspunt.

WYK 8.

Met aanvangspunt die kruising van die middellyne van Provinciale Pad P.156/2 en Andries Potgieterboulevard; vandaar suidwaarts langs die middellyn van Andries Potgieterboulevard tot die aansluitingspunt met die middellyn van Hans van Rensburgstraat; vandaar algemeen weswaarts langs die middellyn van Hans van Rensburgstraat in dorpsgebied SE 7 tot die aansluitingspunt met die middellyn van James Cookstraat in dorpsgebied SE 7; vandaar algemeen suidwaarts langs die middellyn van James Cookstraat tot die aansluitingspunt met Generaal Fronemanstraat in dorpsgebied SE 7; vandaar algemeen weswaarts langs die middellyn van Generaal Fronemanstraat tot die aansluitingspunt met die middellyn van Theo Wassenaarstraat in dorpsgebied SE 7; vandaar suidwaarts langs die middellyn van Theo Wassenaarstraat tot die aansluitingspunt met die middellyn van Piet Retiefboulevard; vandaar algemeen weswaarts langs die middellyn van Piet Retiefboulevard tot die aansluitingspunt met Frikkie Meyerboulevard; vandaar noordwaarts langs die middellyn van Frikkie Meyerboulevard tot die aansluitingspunt met die middellyn van Christiaan de Wetstraat; vandaar ooswaarts langs die middellyn van Christiaan de Wetstraat in dorpsgebied SE 1 tot die aansluitingspunt met die middellyn van Louis Trichardtboulevard; vandaar noordwaarts langs die middellyn van Louis Trichardtboulevard tot die aansluitingspunt met die middellyn van Provinciale Pad P.156/2; vandaar ooswaarts langs die middellyn van Provinciale Pad P.156/2 tot die aansluitingspunt met die middellyn van Andries Potgieterboulevard, die aanvangspunt.

WYK 9.

Met aanvangspunt die middellyn van Provinciale Pad P.156/2 by die kruising met die oostelike grens van die munisipaliteit van Vanderbijlpark; vandaar algemeen suid-, suidoos, noordoos, oos- en suidooswaarts al langs die oostelike grens van die munisipaliteit van Vanderbijlpark tot die aansluitingspunt met baken b1 (LG A 2292/78) die suidoostelike grens van Gedeelte 104 van die plaas Vanderbijlpark No. 550 IQ (Universiteitsgrond van P.U. vir C.H.O.); vandaar algemeen suidwes- en weswaarts al langs die suidelike grens (noordelike oewer van die Vaalrivier) van die munisipaliteit van Vanderbijlpark tot die aansluitingspunt ten suidweste van Gedeelte 2 van die plaas Vanderbijlpark No. 550 IQ (Yskorpomstasie); vandaar noordwaarts al langs die suidwestelike grens van Gedeelte 2 van die plaas Vanderbijlpark No. 550 IQ tot die aansluitingspunt met die middellyn van Emfulenirylaan (Geproklameerde Pad No. 1 (LG A 3890/52); vandaar algemeen noord- en weswaarts langs die middellyn van Emfulenirylaan tot die aansluitingspunt met die middellyn van Frikkie Meyerboulevard; vandaar noordwaarts langs die middellyn van Frikkie Meyerboulevard tot die aansluitingspunt met die middellyn van Piet Retiefboulevard; vandaar algemeen ooswaarts langs die middellyn van Piet Retiefboulevard tot die aansluitingspunt met die middellyn van Theo Wassenaarstraat; vandaar noordwaarts langs die middellyn van Theo Wassenaarstraat in dorpsgebied SE 7 tot die aansluitingspunt met die middellyn van Generaal Fronemanstraat in dorpsgebied SE 7; vandaar algemeen ooswaarts langs die middellyn van Generaal Fronemanstraat

SE 7; thence generally eastwards along the centre line of General Froneman Street to the point of intersection with the centre line of James Cook Street in township SE 7; thence generally northwards along the centre line of James Cook Street to the point of intersection with the centre line of Hans van Rensburg Street in township SE 7; thence generally north-eastwards along the centre line of Hans van Rensburg Street to the point of intersection with the centre line of Andries Potgieter Boulevard; thence generally northwards along the centre line of Andries Potgieter Boulevard to the point of intersection with the centre line of Provincial Road P156/2; thence eastwards along the centre line of Provincial Road P156/2 to the point of intersection with the eastern boundary of the municipality of Vanderbijlpark, the point of commencement.

Administrator's Notice 1227

23 September, 1981

ROODEPOORT MUNICIPALITY: RE-DIVISION OFWARDS.

The Administrator hereby makes known in terms of section 5(7), read with section 9, of the Municipal Elections Ordinance, 1970, the numbers and boundaries of the wards of the Roodepoort Municipality as determined by the Commission appointed by the Administrator in terms of section 4, read with section 9, of the said Ordinance and as set forth in the Schedule hereto.

PB. 3-6-3-2-30

SCHEDULE.

ROODEPOORT MUNICIPALITY: DESCRIPTION OFWARDS.

WARD 1.

The area included within the following boundaries:

From the north-western beacon of Portion 8, Roodekrans 183 IQ in a generally easterly direction along the municipal boundary to the south-western beacon of Uhlenhorst 187 IQ; thence in a generally northerly direction along the municipal boundary to the north-western boundary of Uhlenhorts 187 IQ; thence in a generally easterly direction along the municipal boundary to the north-eastern beacon of Uhlenhorst 187 IQ; thence in a generally south easterly direction along the municipal boundary to its junction with Christiaan de Wet Road; thence in a southerly direction along the municipal boundary to the north-western beacon of Glen Dayson Agricultural Holdings; thence in a south-easterly direction along the municipal boundary to the centre-line of the Western Bypass (N1) Freeway; thence in a general southerly direction along the centre-line of the Western Bypass (N1) Freeway, to the point where the centre-line meets the northern boundary of the remainder of Portion 37, Weltevreden 200 IQ; thence in a generally westerly direction along the southern boundaries of Portions 151 remainder of 5 and 69, Weltevreden 202 IQ and thereafter along Constantia Drive to the south-western beacon of Weltevredenpark Extension 13; thence in a northerly direction along the western boundary of Weltevredenpark Extension 13 to Hendrik Potgieter Road; thence in a generally south-westerly direction along Jim Fouche Road to the north-western beacon

tot die aansluitingspunt met die middellyn van James Cookstraat in dorpsgebied SE 7; vandaar algemeen noordwaarts langs die middellyn van James Cookstraat tot die aansluitingspunt met die middellyn van Hans van Rensburgstraat in dorpsgebied SE 7; vandaar algemeen noord-ooswaarts langs die middellyn van Hans van Rensburgstraat in dorpsgebied SE 7; vandaar algemeen noord-ooswaarts langs die middellyn van Hans van Rensburgstraat tot die aansluitingspunt met die middellyn van Andries Potgieterboulevard; vandaar algemeen noordwaarts langs die middellyn van Andries Potgieterboulevard tot die aansluitingspunt met die middellyn van Proviniale Pad P.156/2; vandaar ooswaarts langs die middellyn van Proviniale Pad P.156/2 tot die aansluitingspunt met die oostelike grens van die munisipaliteit van Vanderbijlpark, die aanvangspunt.

Administrateurskennisgewing 1227 23 September 1981

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: HERINDELING VAN WYKE.

Die Administrateur maak hierby, ingevolge artikel 5(7) gelees met artikel 9, van die Ordonnansie op Municipale Verkiesings, 1970, die nommers en grense van die wyke van Munisipaliteit Roodepoort bekend soos bepaal deur die Kommissie wat deur die Administrateur ingevolge artikel 4, gelees met artikel 9, van genoemde Ordonnansie aangestel is en soos in die bygaande Bylae uiteengesit.

PB. 3-6-3-2-30

BYLAE.

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: BESKRYWING VAN WYKE.

WYK 1.

Die gebied deur die volgende grense omsluit:

Vanaf die noordwestelike baken van Gedeelte 8 van Roodekrans 183 IQ in 'n algemeen oostelike rigting met die munisipale grens langs tot by die suidwestelike baken van Uhlenhorst 187 IQ; daarvandaan in 'n algemeen noordelike rigting met die munisipale grens langs tot by die noordwestelike baken van Uhlenhorst 187 IQ; daarvandaan in 'n algemeen oostelike rigting met die munisipale grens langs tot by die noordoostelike baken van Uhlenhorst 187 IQ; daarvandaan in 'n algemeen suidoostelike rigting met die munisipale grens langs tot by sy aansluiting met Christiaan de Wetweg; daarvandaan in 'n suidelike rigting met die munisipale grens langs tot by die noordwestelike baken van Glen Dayson landbouhoeves; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting met die munisipale grens langs tot by die middellyn van die Westelike Verbypad (N1)-snelweg; daarvandaan in 'n algemeen suidelike rigting met die middellyn van die Westelike Verbypad (N1)-snelweg langs tot waar die middellyn by die noordelike grens van die Restant van Gedeelte 37 van Weltevreden 202 IQ aansluit; daarvandaan in 'n algemeen westelike rigting met die suidelike grense van Gedeeltes 151, Restant van 35 en 69 van Weltevreden 202 IQ en deur met Constantiaalaan langs tot by die suidwestelike baken van Weltevredenpark-uitbreiding 13; daarvandaan in 'n noordelike rigting met die westelike dorpsgrense van Weltevredenpark-uitbreiding 13 langs tot by Hendrik Potgieterweg; daarvandaan

of Constantia Kloof Extension 12; thence in a generally westerly direction to the south-eastern beacon of Holding 2, Allens Nek; thence in a northerly direction along the eastern boundary of Holdings 2 and 1, Allens Nek to the north-eastern beacon of Holding 1, Allens Nek; thence in a westerly direction along the northern boundaries of Holdings 1 and 6, Allens Nek to Christiaan de Wet Road and thence in a south-westerly direction along Christiaan de Wet Road to the boundary of Kloofendal Extension 1; thence in a generally north-westerly direction along the township boundaries of Kloofendal Extension 1 and 4 to the northern beacon of Kloofendal Extension 4; thence in a westerly direction along the township boundary of Kloofendal Extension 4 to the north-western beacon of Kloofendal Extension 4. Thence in a north-westerly direction along the northern boundary of Kloofendal to the north-western beacon of Kloofendal; thence in a northerly direction along the township boundary of Helderkruin Extension 1 to the north-eastern beacon of Helderkruin Extension 1; thence in a westerly direction along the northern boundary of Helderkruin Extension 1 to the north-western beacon of Helderkruin Extension 1; thence in a generally north-westerly direction along the northern boundary of the Remainder of Portion 302 Wilgespruit 190 IQ to the north-western beacon of Wilropark Extension 1; thence in a southerly direction along the western boundary of Wilropark Extension 1 to the south-eastern beacon of Telstar 185 IQ; thence in a westerly direction along the boundary of Telstar 185 IQ to the south-western beacon of Telstar 185 IQ; thence in a southerly direction along the boundary of Wilropark Extension 5 to the north-eastern beacon of Roodekrans Extension 9; thence in a westerly direction along the boundaries of Roodekrans Extensions 9, 8 and 7 and the northern boundary of the Remainder of Portion 129, Roodekrans 183 IQ to the south-western beacon of the Remainder of Portion 5, Roodekrans 183 IQ; thence in a generally northerly direction along the municipal boundary to the north-western beacon of Portion 8 of Roodekrans 183 IQ the point of commencement.

WARD 2.

The area included within the following boundaries:

From the north-western beacon of the Remainder of Portion 129 of Roodekrans 183 IQ in a generally easterly direction along the township boundaries of Roodekrans Extensions 7, 8 and 9 to the eastern beacon of Roodekrans Ext. 9; thence in a generally northerly direction along the township boundary of Wilropark Extension 5 to the south-western beacon of Telstar 185 IQ; thence in a generally easterly direction along the southern boundary of Telstar 185 IQ to its south-eastern beacon; thence in a generally northern direction along the eastern boundary of Telstar 185 IQ to the northern boundary of Wilropark Extension 1; thence in a generally easterly direction along the northern boundary of Wilropark Extensions 1, 12 and 2 to the north-eastern beacon of Wilropark Extension 2; thence in a generally southerly direction along the eastern boundary of Wilro-

in 'n algemeen suidwestelike rigting met Jim Fouchéweg langs tot by die noordoostelike baken van Constantia-kloof-uitbreiding 12; daarvandaan in 'n algemeen westelike rigting tot by die suidoostelike baken van Landbouhoeve 2 Allen's Nek; daarvandaan in 'n noordelike rigting met die oostelike grense van Hoewes 2 en 1 Allen's Nek langs tot by die noordoostelike baken van Hoewe 1 Allen's Nek; daarvandaan in 'n westelike rigting met die noordelike grens van Landbouhoeve 1 en 6 Allen's Nek langs tot by Christiaan de Wetweg en daarvandaan in 'n suidwestelike rigting met Christiaan de Wetweg langs tot by die dorpsgrens van Kloofendal Uitbreiding 1; daarvandaan in 'n algemeen noordwestelike rigting met die dorpsgrens van Kloofendal Uitbreidings 1 en 4 langs tot by die noordelike baken van die dorp Kloofendal Uitbreiding 4; daarvandaan in 'n westelike rigting met die dorpsgrens van Kloofendal Uitbreiding 4 langs tot by die noordwestelike baken van Kloofendal Uitbreiding 4; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting met die noordelike grens van Kloofendal langs tot by die noordwestelike baken van die dorp Kloofendal; daarvandaan in 'n noordelike rigting met die dorpsgrens van Helderkruin Uitbreiding 1 langs tot by die noordoostelike baken van die dorp Helderkruin Uitbreiding 1; daarvandaan in 'n westelike rigting met die noordelike grens van Helderkruin Uitbreiding 1 langs tot by die noordwestelike baken van Helderkruin Uitbreiding 1; daarvandaan in 'n algemeen noordwestelike rigting met die noordelike grens van Restant van Gedeelte 302 van Wilgespruit 190 IQ langs tot by die noordwestelike baken van Wilropark Uitbreiding 1; daarvandaan in 'n suidelike rigting met die westelike grens van Wilropark Uitbreiding 1 langs tot by die suidoostelike baken van Telstar 185 IQ; daarvandaan in 'n westelike rigting met die grens van Telstar 185 IQ langs tot by die suidwestelike baken van Telstar 185 IQ; daarvandaan in 'n suidelijke rigting met die dorpsgrens van Wilropark Uitbreiding 5 langs tot by die noordoostelike baken van Roodekrans Uitbreiding 9; daarvandaan in 'n westelike rigting met dorpsgrens van Roodekrans Uitbreiding 9, 8 en 7 en die noordelike grens van Restant van Gedeelte 129 van Roodekrans 183 IQ langs tot by die suidwestelike baken van die Restant van Gedeelte 5 van Roodekrans 183 IQ; daarvandaan in 'n algemeen noordelike rigting met die munisipale grens langs tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 8 van Roodekrans 183-IQ; die beginpunt.

WYK 2.

Die gebied deur die volgende omsluit:

Vanaf die noordwestelike baken van die Restant van Gedeelte 129 van Roodekrans 183 IQ in 'n algemene oostelike rigting met die dorpsgrense van Roodekrans Uitbreiding 7, 8 en 9 langs tot by oostelike baken van Roodekrans Uitbreiding 9; daarvandaan in 'n algemene noordelike rigting met die dorpsgrens van Wilropark Uitbreiding 5 langs tot by die suidwestelike baken van Telstar 185 IQ; daarvandaan in 'n algemeen oostelike rigting met die suidelike grens van Telstar 185 IQ langs tot by sy suidoostelike baken; daarvandaan in 'n algemeen noordelike rigting met die oostelike grens van Telstar 185 IQ langs tot by die noordelike grens van Wilropark Uitbreiding 1; daarvandaan in 'n algemeen oostelike rigting met noordelike grens van Wilropark Uitbreiding 1, Uitbreiding 12, Uitbreiding 2 langs tot by die noordoostelike baken van Wilropark Uitbreiding 2; daarvandaan in 'n algemeen suidelike rigting met oostelike grens van Wilropark Uitbreiding 2 langs tot by die suidoostelike baken van Wilropark Uitbreiding 2;

park Extension 2 to the south-eastern beacon of Wilropark Extension 2; thence in a generally westerly direction along the southern boundary of Wilropark Extension 2 to the south-western beacon of Wilropark Extension 2; thence in a southerly direction along the western boundary of Helderkruijn Extension 6 to the south-western beacon of Helderkruijn Extension 6; thence in an easterly direction along the township boundary to Sonderend Street; thence in a southerly direction along Sonderend Street to the north-western beacon of Portion 319 of Wilgespruit 190 IQ; thence in a southerly direction along the western boundary to the south-western beacon of Portion 319 of Wilgespruit 190 IQ; thence in a generally southerly direction along the township border of Helderkruijn Extension 3 to Mimosa Street; thence in an easterly direction along Mimosa Street to Ruhamah Drive and then in a southerly direction along Ruhamah Drive to its junction with the railway line; thence in a generally westerly direction along the railway line to the municipal boundary; thence in a generally northerly direction along the western municipal boundary to the south-eastern beacon of Roodekrans Extension 4; thence in a westerly direction along the municipal boundary to the south-western beacon of Roodekrans Extension 4; thence along the municipal boundary to the north-western beacon of the Remainder of Portion 129 of Roodekrans 183 IQ, the point of commencement.

WARD 3.

The area included within the following boundaries:

From the north-eastern beacon of Wilropark Ext. 2 in a southerly direction along the northern boundary of Remainder Portion 302 of Wilgespruit 190 IQ and the northern boundary of Helderkruijn Ext. 1 to the north-eastern beacon of Helderkruijn Ext. 1; thence in a southerly direction along the eastern boundary of Helderkruijn Ext. 1 to the north-western beacon of Portion 211 of Wilgespruit 190 IQ; thence along the northern boundary of Portion 211 of Wilgespruit 190 IQ to its north-eastern beacon and thence in a southerly direction to its south-eastern beacon; thence in an easterly direction to the north-eastern beacon of Portion 181 of Roodepoort 237 IQ; thence in a southerly direction and then in a south-westerly direction along the boundary of Portion 181 of Roodepoort 237 IQ to its south-western beacon; thence in a southerly direction along Pheasant Street to its junction with Ontdekkers Road; thence in an easterly direction along Ontdekkers Road to the north-eastern beacon of Portion 166, Roodepoort 237 IQ; thence in a generally southerly direction along the township boundary and Galpinway to its junction with Sonop Street; thence along Sonop Street in a southerly direction to its junction with Adderley Street; thence in a westerly direction along Adderley Street to its junction with the railway line and thence in a north-western direction along the railway line to its junction with Ruhamah Drive; thence in a northerly direction along Ruhamah Drive to its junction with Mimosa Street and thence in a westerly direction along Mimosa Street to the south-western beacon of Helderkruijn Ext. 3; thence in a generally north-easterly direction along the township boundary to the north-eastern beacon of Helderkruijn Ext. 3; thence in a generally northerly direction along the western boundary of Portion 319 of Wilgespruit 190 IQ to the north-western beacon of Portion 319 of Wilgespruit 190 IQ; thence in

daarvandaan in 'n algemeen westelike rigting met die suidelike grens van Wilropark Uitbreiding 2 langs tot by die suidwestelike baken van Wilropark Uitbreiding 2; daarvandaan in 'n suidelike rigting met die westelike grens van Helderkruijn Uitbreiding 6 langs tot by die suidwestelike baken van Helderkruijn Uitbreiding 6; daarvandaan in 'n oostelike rigting met die dorpsgrens langs tot by Sonderendstraat; daarvandaan in 'n suidelike rigting met Sonderendstraat langs tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 319 van Wilgespruit 190 IQ; daarvandaan in 'n suidelike rigting met die dorpsgrens van Helderkruijn Uitbreiding 3 langs tot by Mimosastraat en daarvandaan in 'n oostelike rigting langs Mimosastraat tot by Ruhamarylaan en dan in 'n suidelike rigting langs Ruhamarylaan tot by die spoorlyn; daarvandaan in 'n algemeen westelike rigting met die spoorlyn langs tot by die munisipale grens; daarvandaan in 'n algemeen noordelike rigting met die westelike munisipale grens langs tot by die suidoostelike baken van Roodekranse Uitbreiding 4; daarvandaan in 'n westelike rigting met die munisipale grens langs tot by die suidwestelike baken van Roodekranse Uitbreiding 4; daarvandaan met die munisipale grens langs tot by die noordwestelike baken van Restant van Gedeelte 129 van Roodekranse 183 IQ, die beginpunt.

WYK 3.

Die gebied deur die volgende grense omsluit:

Vanaf noordoostelike baken van Wilropark Uitbreiding 2 in suidoostelike rigting op noordelike grens van Restant Gedeelte 302 van Wilgespruit 190 IQ en die noordelike grens van Helderkruijn Uitbreiding 1 langs tot by die noordoostelike baken van Helderkruijn Uitbreiding 1; daarvandaan in 'n suidelike rigting met die oostelike dorpsgrens van Helderkruijn Uitbreiding 1 langs tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 211 van Wilgespruit 190 IQ; daarvandaan met noordelike grens van Gedeelte 211 van Wilgespruit 190 IQ langs tot by sy noordoostelike baken; daarvandaan in 'n suidelike rigting tot by sy suidoostelike baken; daarvandaan in 'n oostelike rigting tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 181 van Roodepoort 237 IQ; daarvandaan in suidelike rigting dan suidwestelike rigting en westelike rigting op die grens van Gedeelte 181 van Roodepoort 237 IQ langs tot by sy suidwestelike baken; daarvandaan in suidelike rigting met Pheasantstraat langs tot by Ontdekkersweg; daarvandaan in 'n oostelike rigting met Ontdekkersweg langs tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 166 van Roodepoort 237 IQ; daarvandaan in 'n algemeen suidelike rigting met die dorpsgrens en Galpinweg langs tot by Sonopstraat; daarvandaan langs Sonopstraat in 'n suidelike rigting tot by Adderleystraat; daarvandaan in 'n westelike rigting met Adderleystraat langs tot by die spoorlyn; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting met die spoorlyn langs tot by Ruhamahrylaan; daarvandaan in 'n noordelike rigting langs Ruhamahrylaan tot by Mimosastraat; daarvandaan in 'n westelike rigting langs Mimosastraat tot by die suidwestelike baken van Helderkruijn Uitbreiding 3; daarvandaan in 'n algemene noordoostelike rigting met die dorpsgrens langs tot by die noordwestelike baken van Helderkruijn Uitbreiding 3; daarvandaan in 'n algemeen noordelike rigting met die westelike grens van Gedeelte 319 van Wilgespruit 190 IQ langs tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 319 van Wilgespruit 190 IQ; daarvandaan in 'n noordelike rigting met Sonder-

a northerly direction along Sonderend Street to its junction with the border of Helderkruin Ext. 6; thence in a westerly direction along the township boundary to the south-western boundary of Helderkruin Ext. 6; thence in a northerly direction along the township boundary to the south-western beacon of Wilropark Ext. 2; thence in an easterly direction along the township boundary to the south-eastern beacon of Wilropark Ext. 2; thence in a northerly direction along the township boundary to the north-eastern beacon of Wilropark Ext. 2, the point of commencement.

WARD 4.

The area included within the following boundaries:

From the north-eastern beacon of Portion 181 of Roodepoort 237 IQ in an easterly direction along the Horison Ext. 1 Township boundary to its junction with Mouton Road; thence in a southerly direction along Mouton Road to its junction with Ontdekkers Road and thence in a easterly direction along Ontdekkers Road to its junction with Snipe Street; thence in a southerly direction along Snipe Street and Du Toit Street to its junction with Kilburn Street; thence in a generally westerly direction along Sonop Street to its junction with Stapelberg Street; thence in a generally southerly direction along Stapelberg Street and Adderley Street to its junction with Sonop Street and thence in a north-westerly direction along Sonop Street to its junction with Galpin Way; thence in a generally northerly direction along Galpin Way to its junction with Ontdekkers Road and then in a westerly direction along Ontdekkers Road to its junction with Pheasant Street; thence in a generally northerly direction along Pheasant Street to the south-western beacon of Portion 181 of Roodepoort 237 IQ and thence in a generally south-easterly and northerly direction along the southern boundary of Portion 181 of Roodepoort 237 IQ to the north-eastern beacon of Portion 181 of Roodepoort 237 IQ, the point of commencement.

WARD 5.

The area included within the following boundaries:

From the junction of the railway line and Adderley Street in a north-easterly direction along Adderley Street and Stapelberg Road to its junction with Kilburn Street and thence in an easterly direction along Kilburn Street to its junction with Du Toit Street; thence in a southerly direction along Du Toit Street to its junction with the railway line; thence in a westerly direction along the railway line to its junction with Adderley Street, the point of commencement.

WARD 6.

The area included within the following boundaries:

From the north-western beacon of Kloofendal in a generally easterly direction along the northern boundary of Kloofendal Extension 4 to Christiaan de Wet Road; thence along Christiaan de Wet Road a northerly direction to the projection of the southern boundary of Holdings 1 Strubens Ridge; thence in an easterly direction along the southern boundaries of Holdings 1 to 5 Strubens Ridge and Noorderkrans Extension 2 to the south-eastern beacon of Noorderkrans Extension 2; thence in a southerly direction along the eastern town-

